# Government Gazette
# Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 432 Cape Town, Kaapstad, 29 June Junie 2001 **No. 22422**


**THE PRESIDENCY**

No. 592 29 June 2001

It is hereby notified that the President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

**No. 8 of 2001: South African Weather Service Act, 2001.**

**DIE PRESIDENSIE**

No. 592 29 Junie 2001

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**No. 8 van 2001: Wet op die Suid-Afrikaanse Weerdiens, 2001.**


AIDS HELPLINE: 0800-123-22 Prevention is the cure

*(English text signed by the President.)*
*(Assented to 22 June 2001.)*

# ACT

**To establish a juristic person to be known as the South African Weather Service; to determine its objects, functions and method of work; to prescribe the manner in which it is to be managed and governed; to regulate its staff matters and financial affairs; and to provide for matters connected therewith.**

**B**E IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

## CONTENTS

*Sections*

**CHAPTER 1**

**INTRODUCTION**

1. Definitions

**CHAPTER 2**

**SOUTH AFRICAN WEATHER SERVICE**

2. Establishment of South African Weather Service
3. Objectives of Weather Service
4. Functions of Weather Service

**CHAPTER 3**

**BOARD OF WEATHER SERVICE**

5. Board of Weather Service and its composition
6. Functions of Board
7. Removal
8. Vacancies
9. Remuneration
10. Meetings of Board
11. Committees of Board
12. Meteorological advisory committees

**CHAPTER 4**

**MANAGEMENT OF WEATHER SERVICE**

13. Chief Executive Officer

*(Engelse teks deur die President geteken.)*
*(Goedgekeur op 22 Junie 2001.)*

# WET

**Om 'n regspersoon in te stel wat as die Suid-Afrikaanse Weerdiens bekend staan; om die oogmerke, werksaamhede en werkswyse daarvan te bepaal; om die wyse waarop dit bestuur en beheer moet word, voor te skryf; om sy personeelaangeleenthede en finansiële sake te reguleer; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

## INHOUD

*Artikels*

**HOOFSTUK 1**

**INLEIDING**

1. Woordomskrywing

**HOOFSTUK 2**

**SUID-AFRIKAANSE WEERDIENS**

2. Instelling van Suid-Afrikaanse Weerdiens
3. Oogmerke van Weerdiens
4. Werksaamhede van Weerdiens

**HOOFSTUK 3**

**RAAD VAN WEERDIENS**

5. Raad van Weerdiens en sy samestelling
6. Werksaamhede van Raad
7. Verwydering
8. Vakatures
9. Besoldiging
10. Vergaderings van Raad
11. Komitees van Raad
12. Weerkundige Advieskomitees

**HOOFSTUK 4**

**BESTUUR VAN WEERDIENS**

13. Hoof- Uitvoerende Beampte

CHAPTER 5

STAFF OF WEATHER SERVICE

14. Staff and conditions of service
15. Pensions

CHAPTER 6

FINANCIAL MATTERS

16. Funds
17. Accounting authority

CHAPTER 7

TRANSITIONAL PROVISIONS

18. Transfer of staff of Chief Directorate to Weather Service
19. Transfer of certain assets and liabilities to Weather Service

CHAPTER 8

REGULATORY CONTROL

20. Regulating Committee
21. Functions of Regulating Committee
22. Removal
23. Vacancies
24. Remuneration
25. Meetings of Regulating Committee

CHAPTER 9

GENERAL AND MISCELLANEOUS PROVISIONS

26. Intellectual property rights
27. Limitation of liability
28. Regulations
29. Rules of Board
30. Delegation of powers and assignment of duties
31. Repeal of Meteorology Act, 1988 (Bophuthatswana)
32. Short title and commencement

SCHEDULE 1

Public good services

SCHEDULE 2

Commercial services

## CHAPTER 1

## INTRODUCTION

**Definitions**

**1.** In this Act, unless the context indicates otherwise—

(i) "**advisory services**" means any climatological advice, and includes advice on weather outlooks, weather forecasts and weather warnings;

HOOFSTUK 5

PERSONEEL VAN WEERDIENS

14. Personeel en diensvoorwaardes
15. Pensioene

HOOFSTUK 6

FINANSIËLE AANGELEENTHEDE

16. Fondse
17. Rekenpligtige gesag

HOOFSTUK 7

OORGANGSBEPALINGS

18. Oorplasing van personeel van Hoofdirektoraat na Weerdiens
19. Oordrag van sekere bates en verpligtinge aan Weerdiens.

HOOFSTUK 8

REGULERENDE BEHEER

20. Reguleringskomitee
21. Werksaamhede van Reguleringskomitee
22. Verwydering
23. Vakatures
24. Besoldiging
25. Vergaderings van Reguleringskomitee

HOOFSTUK 9

ALGEMENE EN DIVERSE BEPALINGS

26. Intellektuele goedereregte
27. Beperking van aanspreeklikheid
28. Regulasies
29. Reëls van Raad
30. Delegasie van bevoegdhede en opdra van pligte
31. Herroeping van Wet op Meteorologie, 1988 (Bophuthatswana)
32. Kort titel en inwerkingtreding

BYLAE 1

Dienste in openbare belang

BYLAE 2

Handelsdienste

## HOOFSTUK 1

## INLEIDING

**Woordomskrywing**

**1.** In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) **"adviesdienste"** enige klimatologiese advies, met inbegrip van advies oor weervooruitsigte, weervoorspellings en weerwaarskuwings;

(ii) "**Board**" means the Board contemplated in section 5;

(iii) "**Chief Directorate**" means the Chief Directorate: Weather Bureau as a division of the Department as it existed immediately before the commencement of this Act;

(iv) "**Chief Executive Officer**" means the Chief Executive Officer appointed in terms of section 13(1) and includes the interim Chief Executive Officer contemplated in section 18(6);

(v) "**commercial services**" means services specified in Schedule 2;

(vi) "**Committee**" means any committee established under section 11;

(vii) "**Department**" means the department responsible for the administration of this Act;

(viii) "**financial year**" means a period which commences on 1 April in one year and ends on 31 March in the following year;

(ix) "**meteorological service**" means—

*(a)* the collection, processing and provision of meteorological and climatological information, data and advisory services;

*(b)* the maintenance and development of weather-related instruments and computer programs;

*(c)* research with the aim—

(i) of improving products and the delivery of services; and

(ii) of reducing the impact of weather-related natural disasters; and

*(d)* the provision of meteorologically-related training in partnership with higher education institutions;

(x) "**Minister**" means the Minister responsible for the administration of this Act;

(xi) "**public good services**" means services specified in Schedule 1;

(xii) "**Regulating Committee**" means the Regulating Committee contemplated in section 20;

(xiii) "**regulations**" means regulations made under section 28;

(xiv) "**specialised service**" means a meteorological service provided to an identifiable client or customer who will use the service for economic gain or benefit;

(xv) "**Weather Service**" means the South African Weather Service established by section 2;

(xvi) "**this Act**" includes the regulations.

## CHAPTER 2

## SOUTH AFRICAN WEATHER SERVICE

### Establishment of South African Weather Service

**2.** (1) There is hereby established a juristic person known as the South African Weather Service.

(2) The Weather Service acts through the Board.

### Objectives of Weather Service

**3.** The objectives of the Weather Service are—

*(a)* to maintain, extend and improve the quality of meteorological service for the benefit of all South Africans;

*(b)* to provide public good services and commercial services to all South Africans;

*(c)* to ensure the ongoing collection of meteorological data over South Africa and surrounding southern oceans for the use by current and future generations;

*(d)* to be the long-term custodian of a reliable national climatological record;

*(e)* as the national meteorological service of the Republic of South Africa, to fulfil the international obligations of the Government under the Convention of the World Meteorological Organization;

*(f)* as the Aviation Meteorological Authority, to fulfil the international obligations of the Government under the Convention of the International Civil Aviation Organization;

(ii) "**boekjaar**" 'n tydperk wat 'n aanvang neem op 1 April van een jaar en wat eindig op 31 Maart van die daaropvolgende jaar;

(iii) "**Departement**" die departement verantwoordelik vir die administrasie van hierdie Wet;

(iv) "**dienste in die openbare belang**" die dienste in Bylae 1 uiteengesit;

(v) "**handelsdienste**" die dienste in Bylae 2 uiteengesit;

(vi) "**hierdie Wet**" ook die regulasies;

(vii) "**Hoofdirektoraat**" die Hoofdirektoraat: Weerburo, synde 'n afdeling van die Departement soos dit bestaan het onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet;

(viii) "**Hoof- Uitvoerende Beampte**" die Hoof- Uitvoerende Beampte ingevolge artikel 13(1) aangestel, met inbegrip van die tussentydse Hoof- Uitvoerende Beampte in artikel 18(6) beoog;

(ix) "**Komitee**" 'n komitee kragtens artikel 11 ingestel;

(x) "**Minister**" die Minister verantwoordelik vir die administrasie van hierdie Wet;

(xi) "**Raad**" die Raad in artikel 5 beoog;

(xii) "**regulasies**" regulasies kragtens artikel 28 uitgevaardig;

(xiii) "**Reguleringskomitee**" die Reguleringskomitee in artikel 20 beoog;

(xiv) "**spesialisdienste**" 'n weerkundige diens wat aan 'n identifiseerbare kliënt of klant gelewer word, wat die diens vir ekonomiese gewin of voordeel sal gebruik;

(xv) "**Weerdiens**" die Suid-Afrikaanse Weerdiens by artikel 2 ingestel;

(xvi) "**weerkundige diens**"—

*(a)* die versameling, prosessering en verskaffing van weerkundige en klimatologiese inligting, data en adviesdienste;

*(b)* die onderhoud en ontwikkeling van weerverwante instrumente en rekenaarprogramme;

*(c)* navorsing met die doel om—

(i) produkte en dienslewering te verbeter; en

(ii) die uitwerking van weerverwante natuurrampe te verminder; en

*(d)* die verskaffing van weerkundigverwante opleiding in vennootskap met inrigtings vir hoër onderwys.

## HOOFSTUK 2

## SUID-AFRIKAANSE WEERDIENS

**Instelling van Suid-Afrikaanse Weerdiens**

**2.** (1) Daar word hierby 'n regspersoon ingestel wat die Suid-Afrikaanse Weerdiens heet.

(2) Die Weerdiens tree op deur middel van die Raad.

**Oogmerke van Weerdiens**

**3.** Die oogmerke van die Weerdiens is—

*(a)* om die kwaliteit van weerkundige dienste tot voordeel van alle Suid-Afrikaners te onderhou, uit te brei en te verbeter;

*(b)* om dienste in die openbare belang en handelsdienste aan alle Suid-Afrikaners te verskaf;

*(c)* om die voortgesette versameling van weerkundige data oor Suid-Afrika en die omringende suidelike oseane vir die gebruik deur huidige en toekomstige geslagte te verseker;

*(d)* om die langtermynbewaarder van 'n betroubare nasionale klimaatrekord te wees;

*(e)* om as die nasionale weerkundige diens van die Republiek van Suid-Afrika, die Regering se internasionale verpligtinge kragtens die Konvensie van die Wêreld Weerkundige Organisasie na te kom;

*(f)* om as die Lugvaartweerkundige Owerheid die Regering se internasionale verpligtinge kragtens die Konvensie van die Internasionale Burgerlugvaartorganisasie na te kom;

(*g*) to provide services that are sensitive to the demographic realities of the country; and

(*h*) to fulfil such other weather-related international obligations as the Minister may direct.

**Functions of Weather Service**

**4.** (1) The Weather Service must—

(*a*) provide such meteorological services, including public good services and commercial services, as are necessary to achieve its objectives, provided that it is in the interests of the Weather Service and the State;

(*b*) adhere to the intent of Resolution 40 of the Twelfth Congress of the World Meteorological Organization, and any other related resolutions regarding the internationally free and unrestricted exchange of meteorologically-related data and products; and

(*c*) perform any other function assigned to it by the Minister.

(2) The Weather Service may, in order to achieve its objectives—

(*a*) co-operate or enter into agreements or contracts with any person, institution, government or administration;

(*b*) purchase or otherwise acquire, possess, hire, pledge, sell or let property;

(*c*) with the approval of the Minister, granted with the concurrence of the Minister of Finance, raise money by way of loans from any lawful source, on such terms and conditions and against such security as may be agreed upon;

(*d*) with the approval of the Minister, establish or assist in establishing companies for the promotion of meteorological services or any related business purpose;

(*e*) charge fees for the provision of any commercial services;

(*f*) enter into an agreement with any other weather service to deliver services or be of assistance with the delivery of services outside the borders of South Africa; and

(*g*) enter into agreements with State departments for the delivery of services considered to be within the capacity of the Weather Service. These contract services are not deemed part of the public good services.

(3) Only the Weather Service may issue severe weather-related warnings over South Africa in order to ensure that there is a single authoritative voice in this regard.

(4) The Weather Service must take reasonable steps to develop skills and capacity of the Weather Service so as to enable it to provide for the needs of disadvantaged communities.

## CHAPTER 3

## BOARD OF WEATHER SERVICE

**Board of Weather Service and its composition**

**5.** (1) The Board of the Weather Service consists of—

(*a*) the Chief Executive Officer by virtue of his or her office;

(*b*) a senior official of the Department designated by the Director-General with the approval of the Minister; and

(*c*) no fewer than eight and no more than ten other persons appointed on a part-time basis by the Minister, in accordance with subsection (3) and taking into account the provisions of subsection (2).

(2) The members contemplated in subsection (1)(*c*)—

(*a*) must be suitably qualified—

(i) to provide effective corporate governance and must be able to bring their special expertise and knowledge to bear on the strategy, enterprise and innovative ideas and business planning of the Weather Service; and

(ii) to develop policies for the Weather Service and to advise the Minister on matters relating to weather-related and climate-related research programmes, technological development, service delivery to clients,

(*g*) om die ander weerverwante internasionale verpligtinge wat die Minister gelas, na te kom; en
(*h*) om dienste, wat bedag is op die demografiese werklikhede van die land, te verskaf.

**Werksaamhede van Weerdiens**

**4.** (1) Die Weerdiens moet—
(*a*) die weerkundige dienste, met inbegrip van dienste in die openbare belang en handelsdienste, wat nodig is om sy oogmerke te bereik, verskaf, mits dit in die belang van die Weerdiens en die Staat is;
(*b*) hom verbonde hou aan die bedoeling van Resolusie 40 van die Twaalfde Kongres van die Wêreld Weerkundige Organisasie en enige ander verwante resolusies aangaande die vrye en onbelemmerde uitruiling op die internasionale vlak van weerkundigverwante data en produkte; en
(*c*) enige ander werksaamheid verrig wat die Minister aan hom opdra.

(2) Die Weerdiens kan, ten einde sy oogmerke te bereik—
(*a*) met enige persoon, instelling, regering of administrasie saamwerk of 'n ooreenkoms of kontrak aangaan;
(*b*) eiendom aankoop of op 'n ander wyse bekom, besit, huur, verpand, verkoop of verhuur;
(*c*) met die goedkeuring van die Minister, verleen met die instemming van die Minister van Finansies, op die bedinge en voorwaardes en teen die sekuriteit waaroor ooreengekom word, geld by wyse van lenings uit enige wettige bron opneem;
(*d*) met die goedkeuring van die Minister, maatskappye vir die bevordering van weerkundige dienste, of verwante sakedoeleindes, stig of help met die stigting daarvan;
(*e*) gelde hef vir die verskaffing van enige handelsdienste;
(*f*) met enige ander weerkundige diens 'n ooreenkoms aangaan om dienste te lewer of om behulpsaam te wees met die lewering van dienste buite die grense van Suid-Afrika; en
(*g*) met Staatsdepartemente ooreenkomste aangaan vir die lewering van dienste wat geoordeel word binne die vermoë van die Weerdiens te val. Hierdie kontrakdienste word nie geag deel te wees van die dienste in die openbare belang nie.

(3) Slegs die Weerdiens kan ernstige weerverwante waarskuwings oor Suid-Afrika uitreik ten einde te verseker dat daar slegs een gesaghebbende stem in hierdie verband bestaan.

(4) Die Weerdiens moet redelike stappe doen om die vaardighede en vermoë van die Weerdiens te verhoog ten einde dit in staat te stel om in die behoeftes van benadeelde gemeenskappe te voorsien.

## HOOFSTUK 3

## RAAD VAN WEERDIENS

**Raad van Weerdiens en sy samestelling**

**5.** (1) Die Raad van die Weerdiens bestaan uit—
(*a*) die Hoof- Uitvoerende Beampte uit hoofde van sy of haar amp;
(*b*) 'n senior beampte van die Departement aangewys deur die Direkteur-generaal met die goedkeuring van die Minister; en
(*c*) minstens agt en hoogstens tien ander persone wat ooreenkomstig subartikel (3) en met inagneming van die bepalings van subartikel (2) op 'n deeltydse grondslag deur die Minister aangestel word.

(2) Die lede in subartikel (1)(*c*) beoog—
(*a*) moet gepas gekwalifiseer wees—
(i) om doeltreffende korporatiewe bestuur te verskaf en moet in staat wees om hul spesiale kundigheid en kennis aan te wend op die strategie, onderneming en innoverende idees en besigheidsbeplanning van die Weerdiens; en
(ii) om beleidsrigtings vir die Weerdiens te ontwikkel en om die Minister te adviseer oor aangeleenthede rakende navorsingsprogramme betreffende die weer en die klimaat, tegnologiese ontwikkeling, dienslewering aan

marketing of services, international co-operation and the application of meteorology in weather-sensitive industries; and

*(b)* are appointed in their personal capacities, but the Minister must ensure that the needs of the following stakeholders are taken into account when appointing the members of the Board:

(i) Water resource management;
(ii) agriculture;
(iii) subsistence farmers and disadvantaged communities;
(iv) the media, which may include radio, television and newspapers;
(v) disaster management;
(vi) aviation industry;
(vii) maritime industry;
(viii) legal profession and insurance industry;
(ix) any other weather sensitive industry or occupation; and
(x) atmospheric science education and research community.

(3) Before appointing any person contemplated in subsection (1)*(c)* or section 20(2), the Minister must—

*(a)* by notice in the *Gazette* and in at least two nationally circulated newspapers invite nominations;
*(b)* in such notice, specify a period within which nominations must be submitted and stipulate the procedure to be adopted regarding such nominations; and
*(c)* ensure that the Board is broadly representative of the South African society.

(4) The Minister must appoint one of the members of the Board as chairperson and another member of the Board as the deputy chairperson.

(5) Members of the Board contemplated in subsection (1)*(c)* are appointed for a period of three years and are eligible for re-appointment for another final term of three years.

(6) The Chief Executive Officer is a full-time member of the Board and is appointed for such period as the Board may determine at the time of appointment.

(7) In the absence of a Board all the functions of the Board are vested in the Minister.

**Functions of Board**

**6.** The Board must—

*(a)* ensure the financial viability and development of the commercial services;
*(b)* ensure an efficient, cost-effective and high quality weather service;
*(c)* set policy, standards and objectives within the framework issued by the Minister and ensure that the executive management implements these policies, standards and objectives;
*(d)* facilitate succession and give guidance in the appointment of senior managers;
*(e)* ensure that the Weather Service has adequate systems of internal control, both operational and financial;
*(f)* monitor the performance of the Weather Service and make adjustments to the conditions of service of the personnel with due regard to the applicable labour legislation;
*(g)* recommend any budget proposals or adjustments and submit them to the Minister;
*(h)* set policy for recruitment, training and transformation of the Weather Service;
*(i)* approve a business plan for the Weather Service annually for the next three years and submit it to the Minister for final approval;
*(j)* ensure that the majority of the South African population benefits from the public good services of the Weather Service; and
*(k)* perform any other function assigned to it by the Minister.

kliënte, bemarking van dienste, internasionale samewerking en die toepassing van die weerkunde in weer-sensitiewe bedrywe; en

*(b)* word in hul persoonlike hoedanighede aangestel, maar die Minister moet verseker dat die behoeftes van die volgende belanghebbendes in ag geneem word wanneer die lede van die Raad aangestel word:
(i) waterhulpbronbestuur;
(ii) landbou;
(iii) bestaansboere en benadeelde gemeenskappe;
(iv) die media, wat die radio, televisie en koerante kan insluit;
(v) rampbestuur;
(vi) die lugvaartbedryf;
(vii) die seevaartbedryf;
(viii) die regsberoep en versekeringsbedryf;
(ix) enige ander weersensitiewe bedryf of beroep; en
(x) die atmosferiese wetenskapsopvoeding- en navorsingsgemeenskap.

(3) Voordat enige persoon in subartikel (1)*(c)* of artikel 20(1) beoog aangestel word, moet die Minister—

*(a)* by kennisgewing in die *Staatskoerant* en in minstens twee koerante wat nasionaal versprei word 'n uitnodiging rig vir die voorlê van benoemings;
*(b)* in die gemelde kennisgewing, die tydperk bepaal waarbinne benoemings voorgelê moet word en die prosedure voorskryf wat gevolg moet word ten opsigte van sodanige benoemings; en
*(c)* toesien dat die Raad breedweg verteenwoordigend is van die Suid-Afrikaanse samelewing.

(4) Die Minister moet een van die lede van die Raad as voorsitter aanstel en 'n ander lid van die Raad as adjunkvoorsitter.

(5) Lede van die Raad in subartikel (1)*(c)* beoog, word vir 'n tydperk van drie jaar aangestel en kan in aanmerking kom vir heraanstelling vir 'n verdere, en finale, termyn van drie jaar.

(6) Die Hoof- Uitvoerende Beampte is 'n voltydse lid van die Raad en word aangestel vir die tydperk wat die Raad ten tyde van die aanstelling bepaal.

(7) In die afwesigheid van 'n Raad berus al die werksaamhede van die Raad by die Minister.

**Werksaamhede van Raad**

**6.** Die Raad moet—

*(a)* die finansiële lewensvatbaarheid en ontwikkeling van die handelsdienste verseker;
*(b)* 'n doeltreffende, koste-effektiewe en hoë kwaliteit weerdiens verseker;
*(c)* beleid, standaarde en doelwitte stel binne die raamwerk soos uitgereik deur die Minister en verseker dat die uitvoerende bestuur hierdie beleid, standaarde en doelwitte implementeer;
*(d)* opvolging bevorder en leiding gee tydens die aanstelling van senior bestuurders;
*(e)* verseker dat die Weerdiens oor voldoende stelsels vir interne beheer, beide operasioneel en finansieel, beskik;
*(f)* die prestasie van die Weerdiens moniteer en aanpassings maak in die diensvoorwaardes van die personeel, met inagneming van die toepaslike arbeidswetgewing;
*(g)* enige begrotingsvoorstelle of aanpassings aanbeveel en aan die Minister voorlê;
*(h)* beleid stel vir werwing, opleiding en transformasie van die Weerdiens;
*(i)* 'n besigheidsplan vir die Weerdiens jaarliks vir die volgende drie jaar goedkeur en aan die Minister vir finale goedkeuring voorlê;
*(j)* verseker dat die meerderheid van die Suid-Afrikaanse bevolking baat vind by die Weerdiens se dienste in die openbare belang; en
*(k)* enige ander werksaamheid soos opgedra deur die Minister, verrig.

**Removal**

**7.** (1) A member of the Board may at any time be removed from office by the Minister on account of—

*(a)* misconduct;
*(b)* inability to perform the duties of his or her office effectively;
*(c)* absence from three consecutive meetings of the Board without the prior permission of the Board, except on good cause shown; or
*(d)* election as a member of Parliament or a provincial legislature.

(2) A member may not be removed from office except after due enquiry.

**Vacancies**

**8.** (1) A vacancy in the Board occurs if a member of the Board contemplated in section 5(1)*(c)*—

*(a)* upon at least one month's written notice, tenders his or her resignation to the Minister;
*(b)* is removed from office in terms of section 7; or
*(c)* dies or becomes permanently incapable of doing his or her work.

(2) *(a)* When a vacancy in the Board has occurred as contemplated in subsection (1), the procedure contemplated in section 5 applies.

*(b)* Any member appointed under this section holds office for the rest of the period of the predecessor's term of office.

**Remuneration**

**9.** Any member of the Board, other than the Chief Executive Officer and the official contemplated in section 5(1)*(b)*, must be paid such remuneration and allowances as the Minister, with the concurrence of the Minister of Finance, may determine.

**Meetings of Board**

**10.** (1) *(a)* The meetings of the Board must be held at least four times a year at such times and places as the Board may determine.

*(b)* The first meeting of the Board must be held at such time and place as the Minister determines.

(2) *(a)* In the absence of the chairperson, the deputy chairperson must perform all functions of the chairperson.

*(b)* The chairperson or the deputy chairperson, and failing him or her, a member of the Board elected by the members present, must preside at a meeting of the Board.

(3) *(a)* The chairperson may at any time convene a special meeting of the Board which must be held at such time and place as the chairperson determines.

*(b)* If the majority of the members of the Board request a special meeting in writing, the chairperson must convene such a meeting within seven days after receiving the request.

(4) The Board may determine its own procedure but any decision of the Board must be taken by resolution of the majority of the members present at any meeting of the Board and, in the event of an equality of votes, the person presiding has a casting vote in addition to his or her deliberative vote.

(5) Subject to the approval of the chairperson, any person may attend or take part, but may not vote, in a meeting of the Board.

(6) A majority of the Board members forms a quorum at any meeting of the Board.

(7) Despite the provisions of subsection (4), the Minister may set policy guidelines within which any Board decision must be taken.

**Committees of Board**

**11.** (1) *(a)* The Board may establish one or more committees which must perform such functions of the Board as the Board may determine.

*(b)* A committee established under paragraph *(a)* performs the functions in question subject to the instructions of the Board.

**Verwydering**

**7.** (1) 'n Lid van die Raad kan te eniger tyd deur die Minister uit sy of haar amp verwyder word op grond van—

*(a)* wangedrag;

*(b)* onvermoë om die pligte van sy of haar amp doeltreffend uit te voer;

*(c)* afwesigheid van drie opeenvolgende vergaderings van die Raad sonder die voorafgaande toestemming van die Raad, behalwe as 'n goeie rede aangevoer word; of

*(d)* verkiesing as lid van die Parlement of 'n provinsiale wetgewer.

(2) 'n Lid mag nie uit sy of haar amp verwyder word sonder behoorlike ondersoek nie.

**Vakatures**

**8.** (1) 'n Vakature ontstaan in die Raad indien 'n lid in artikel 5(1)*(c)* beoog—

*(a)* met minstens een maand skriftelike kennis sy of haar bedanking by die Minister indien;

*(b)* uit sy of haar amp verwyder word ingevolge artikel 7; of

*(c)* te sterwe kom of permanent ongeskik word om sy of haar werk te doen.

(2) *(a)* Wanneer 'n vakature in die Raad ontstaan soos in subartikel (1) beoog, is die prosedure beoog in artikel 5 van toepassing.

*(b)* 'n Lid wat kragtens hierdie artikel aangestel word, beklee sy of haar amp vir die oorblywende gedeelte van die voorganger se ampstermyn.

**Vergoeding**

**9.** 'n Lid van die Raad, uitgesonderd die Hoof- Uitvoerende Beampte en die beampte in artikel 5(1)*(b)* beoog, word die vergoeding en toelaes betaal wat die Minister met die instemming van die Minister van Finansies bepaal.

**Vergaderings van Raad**

**10.** (1) *(a)* Die vergaderings van die Raad moet minstens vier maal per jaar gehou word op die tye en plekke wat die Raad bepaal.

*(b)* Die eerste vergadering van die Raad moet gehou word op die tyd en plek wat die Minister bepaal.

(2) *(a)* In die afwesigheid van die voorsitter moet die adjunkvoorsitter al die werksaamhede van die voorsitter verrig.

*(b)* Die voorsitter of die adjunkvoorsitter en, waar hy of sy nie kan optree nie, 'n lid van die Raad wat deur die teenwoordige lede verkies word, moet by 'n vergadering van die Raad voorsit.

(3) *(a)* Die voorsitter kan te eniger tyd 'n spesiale vergadering van die Raad byeenroep, wat gehou moet word op die tyd en plek wat die voorsitter bepaal.

*(b)* Indien die meerderheid van die lede van die Raad skriftelik 'n spesiale vergadering versoek, moet die voorsitter so 'n vergadering binne sewe dae na ontvangs van die versoek byeenroep.

(4) Die Raad kan sy eie prosedure bepaal maar enige besluit van die Raad moet geneem word by besluit van die meerderheid van die lede wat teenwoordig is by 'n vergadering van die Raad en in die geval van 'n staking van stemme het die persoon wat voorsit, 'n beslissende stem benewens sy of haar beraadslagende stem.

(5) Behoudens die goedkeuring van die voorsitter kan enige persoon 'n vergadering van die Raad bywoon of daaraan deelneem, maar sodanige persoon mag nie daarin stem nie.

(6) 'n Meerderheid Raadslede vorm 'n kworum by enige vergadering van die Raad.

(7) Ondanks die bepalings van subartikel (4) kan die Minister beleidsriglyne bepaal waarbinne 'n besluit van die Raad geneem moet word.

**Komitees van Raad**

**11.** (1) *(a)* Die Raad kan een of meer komitees instel wat die werksaamhede van die Raad moet verrig wat die Raad bepaal.

*(b)*'n Komitee wat kragtens paragraaf *(a)* ingestel is, verrig die betrokke werksaamhede behoudens die voorskrifte van die Raad.

*(c)* The Board may at any time dissolve or reconstitute any committee established under paragraph *(a)*.

(2) *(a)* Each committee established under this section consists of such number of members of the Board and of the staff of the Weather Service as the Board may consider necessary.

*(b)* If a committee consists of more than one member, the Board must designate a member of that committee to act as chairperson.

**Meteorological advisory committees**

**12.** The Board may establish such number of meteorological advisory committees on a national and regional basis as may be necessary, to advise it on any relevant matter.

## CHAPTER 4

## MANAGEMENT OF WEATHER SERVICE

**Chief Executive Officer**

**13.** (1) The members of the Board contemplated in section 5(1)*(b)* and *(c)* must appoint a person as Chief Executive Officer on such conditions, including conditions relating to the payment of remuneration, allowances, subsidies and other benefits, as the members may determine in accordance with a system approved by the Minister with the concurrence of the Minister of Finance.

(2) The Chief Executive Officer is responsible for the management of the Weather Service and must report to the Board on any aspect of such management as often as may be required by the Board.

(3) *(a)* Whenever the Chief Executive Officer is for any reason absent or unable to carry out his or her duties, or whenever there is a vacancy in the office of the Chief Executive Officer, the Board may, subject to such conditions and the payment of such remuneration and allowances as it may determine in the manner contemplated in subsection (1), appoint an employee of the Weather Service to act as the Chief Executive Officer during such absence or inability, for a period not exceeding six months.

*(b)* The acting Chief Executive Officer has the same powers and duties as the Chief Executive Officer.

## CHAPTER 5

## STAFF OF WEATHER SERVICE

**Staff and conditions of service**

**14.** (1) Subject to section 18, the Chief Executive Officer may, on such terms and conditions of service as may be determined by the Board, appoint or have such number of employees seconded to the Weather Service as are necessary, to enable the Weather Service to perform its functions.

(2) The Weather Service must out of its own funds pay to its employees such remuneration, allowances, subsidies and other benefits as the Board may determine in accordance with a system approved for that purpose by the Minister with the concurrence of the Minister of Finance.

(3) *(a)* The Chief Executive Officer may, on such conditions as the Board may determine and if the employee consents thereto, second the employee, either for a particular service or for a period of time, to the service of any department of the State, the government of any province or country outside the Republic.

*(b)* The employee's rights, privileges and benefits by virtue of his or her conditions of service as an employee of the Weather Service may not be adversely affected by the secondment.

(4) Every employee must enter into a service contract with the Weather Service.

(5) The Chief Executive Officer may when necessary, appoint persons under contract as consultants in accordance with the terms and conditions determined by the Board.

*(c)* Die Raad kan te eniger tyd 'n komitee wat kragtens paragraaf *(a)* ingestel is, ontbind of hersaamstel.

(2) *(a)* Elke komitee wat kragtens hierdie artikel ingestel is, bestaan uit die getal lede van die Raad en van die personeel van die Weerdiens wat die Raad nodig ag.

*(b)* Indien 'n komitee uit meer as een lid bestaan, moet die Raad 'n lid van daardie komitee aanwys om as voorsitter op te tree.

**Weerkundige advieskomitees**

**12.** Die Raad kan die getal weerkundige advieskomitees op nasionale en streeksgrondslag instel wat nodig is om hom te adviseer oor enige bepaalde aangeleentheid.

## HOOFSTUK 4

## BESTUUR VAN WEERDIENS

**Hoof- Uitvoerende Beampte**

**13.** (1) Die lede van die Raad in artikel 5(1)*(b)* en *(c)* beoog moet 'n persoon as Hoof- Uitvoerende Beampte aanstel op die voorwaardes, met inbegrip van die voorwaardes betreffende die vergoeding, toelaes, subsidies en ander voordele, wat die lede bepaal ooreenkomstig 'n stelsel wat deur die Minister met die instemming van die Minister van Finansies goedgekeur word.

(2) Die Hoof- Uitvoerende Beampte is verantwoordelik vir die bestuur van die Weerdiens en moet so dikwels as wat die Raad vereis aan die Raad verslag doen oor enige aspek van sodanige bestuur.

(3) *(a)* Wanneer die Hoof- Uitvoerende Beampte om die een of ander rede afwesig is of nie in staat is om sy of haar pligte te vervul nie, of wanneer die amp van die Hoof- Uitvoerende Beampte vakant is, kan die Raad, behoudens die voorwaardes en die betaling van die vergoeding en toelaes wat dit op die wyse beoog in subartikel (1) bepaal, 'n werknemer van die Weerdiens aanstel om as Hoof- Uitvoerende Beampte waar te neem tydens sodanige afwesigheid of onvermoë vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.

*(b)* Die waarnemende Hoof- Uitvoerende Beampte het al die bevoegdhede en pligte van die Hoof- Uitvoerende Beampte.

## HOOFSTUK 5

## PERSONEEL VAN WEERDIENS

**Personeel en diensvoorwaardes**

**14.** (1) Behoudens artikel 18 kan die Hoof- Uitvoerende Beampte, op die bedinge en diensvoorwaardes wat die Raad bepaal, die getal werknemers aanstel of aan die Weerdiens laat sekondeer wat nodig is om die Weerdiens in staat te stel om sy werksaamhede te verrig.

(2) Die Weerdiens moet uit sy eie fondse aan sy werknemers die vergoeding, toelaes, subsidies en ander voordele betaal wat die Raad bepaal ooreenkomstig 'n stelsel wat vir dié doel deur die Minister met die instemming van die Minister van Finansies goedgekeur is.

(3) *(a)* Die Hoof- Uitvoerende Beampte kan, op die voorwaardes wat die Raad bepaal en met die instemming van die betrokke werknemer, 'n werknemer, hetsy vir 'n besondere diens of vir 'n tydperk, sekondeer aan die diens van 'n Staatsdepartement, die regering van 'n provinsie of land buite die Republiek.

*(b)* Die werknemer se regte, voorregte en voordele uit hoofde van sy of haar diensvoorwaardes as 'n werknemer van die Weerdiens mag nie nadelig geraak word deur die sekondering nie.

(4) Elke werknemer moet 'n dienskontrak met die Weerdiens aangaan.

(5) Die Hoof- Uitvoerende Beampte kan wanneer nodig persone op kontrak as konsultante aanstel op die bedinge en voorwaardes wat die Raad bepaal.

**Pensions**

**15.** (1) All employees shall have the choice to—

(*a*) remain or become a member of the Government Employees Pension Fund;

(*b*) elect dormant membership and to join any existing fund as a new member from a current date; or

(*c*) withdraw from the Government Employees Pension Fund in accordance with the Government Employees Pension Law, 1996 (Proclamation No. 21 of 1996).

(2) The Weather Service may, under the Pension Fund Act,1956 (Act No. 24 of 1956), establish a pension fund for its employees.

(3) For purposes of the Income Tax Act, 1962 (Act No. 58 of 1962), no change of employer must be regarded as having taken place when employment is taken up at the Weather Service by persons in terms of section 18, and the position of those persons in respect of the phasing-in of tax levied on benefits or advantages derived by reason of employment or the holding of any office as contemplated in Schedule 7 to the Income Tax Act, 1962, must be regarded as remaining unchanged.

## CHAPTER 6

## FINANCIAL MATTERS

**Funds**

**16.** (1) The funds of the Weather Service consist of—

